

# INLIGTING GIDS VIR SWAPO KIESERS

## MAAK U KRUIS HIER ↴

| | | | |
|---|---|---|---|
| SWAPO OF NAMIBIA | SWAPO | | X |

Published by SWAPO Election Directorate

# INLIGTING GIDS VIR KIESERS VAN SWAPO EN ALGEMENE KOMMENTAAR OOR DIE VERKIESING PROKLAMASIE AG.49 VAN 1989 (KIESERSVERGADERING) GEPUBLISEER 20 OKTOBER 1989.

## DEEL 1
## ALGEMENE INLIGTING VIR SWAPO KIESERS

Hierdie gedeelte is uitsluitlik vir ons lede en ondersteuners bedoel. Indien u hierdie gedeelte lees en die bespreekte gedeelte verstaan, sal u 'n groot bydrae vir die gemeenskap lewer indien u dit verder aan ander kamerade en ondersteuners verduidelik.

Onthou, dat ons dit nie kan waag om op hierde kritieke oomblik foute te begaan nie. Die mense van Namibiâ het onder leiding van SWAPO 'n worsteling stryd gevoer om die mense veral instaat te stel om hulle lot deur middel van 'n stembus te bepaal. Duisende vaderslandliewend van Namibiâ het hulle kosbare lewens opgeoffer ten einde 'n stembus daar te stel.

Die geleentheid is nou hier. Onthou, een geringe fout by die stembus is plus 'n voordeel aan ons politieke teenstanders.

Moenie vir hulle 'n voordeel gee deur verkeerd te stem nie, stem reg, stem vir SWAPO.

Onthou, die tweede en laaste stap na onafhanklikheid is om te stem. Lees hierdie wenke noukeurig sodat dit vir jou in die verkiesingproses kan help.

### 1. WANNEER SAL EK IN DIE KOMENDE VERKIESING STEM ?

Die tydperk van die verkiesing sal vyf dae vanaf Dinsdag 7 November tot Saterdag 11 November duur.

NB - Probeer baie hard om in die eerste groep kiesers te tel en moenie wag tot dat dit te laat is nie.

### 2. WAAR GAAN EK OM TE STEM ?

U moet in dieselfde distrik gaan stem waar u geregistreer het. 'n Lys van die distrikte verskyn aan die einde van hierdie inligting.

Indien u in dieselfde distrik stem waar u geregistreer het, sal u stem onmiddellik na die verkiesing getel word. Die distrikte waar die verkiesing gehou sal word, sal voor die aanvang van die verkiesing bekend gemaak word.

### 3. WAT SAL GEBEUR INDIEN EK NIE NA DIE PLEK KAN GAAN WAAR EK GEREGISTREER HET NIE ?

Ons advies aan jou is om 'n saamry-geleentheid by 'n kameraad te vra. Indien dit onmoontlik is, sal u toegelaat word om by enige distrik te stem. U stembrief sal

daarna in 'n spesiale koevert geplaas word waarop gemerk is "tender stembrief koevert". Daarna sal hierdie koevert binne in 'n ander koevert geplaas word saam met jou registrasiekaart.
Uiteindelik sal die koevert in 'n stembus geplaas word met die woorde "tender stembus". Hierdie stembus sal dan na Windhoek gestuur word vir bevestiging.
U oorspronklike registrasiekaart sal met jou afskrif wat in Windhoek is vergelyk word om seker te maak dat dit jy is wat gestem het en nie iemand anders nie. Indien jou registrasiekaart onderteken is, sal dit deur 'n handskrifdeskundige ondersoek word, en indien 'n duim op jou kaart verskyn sal dit deur 'n duimdeskundige gekyk word. Sou hulle ontdek dat die registrasiekaart wel jou eiendom is en dat dit jy is wat gestem het, sal u stem aanvaar word.

## 4. WATTER TYD MOET EK NA DIE VERKIESINGDISTRIK GAAN?

Die tye sal wees vanaf 7h00 in die oggend tot 19h00 in die aand. Gaan asseblief vroeg om te gaan stem en moenie tot op die laaste nippertjie wag nie.

## 5. WAT MOET EK NA DIE STEMDISTRIK SAAM NEEM ?

U moet die volgende dokumente saam neem:

5.1 U registrasiekaart

5.2 U identiteitsdokument met jou naam en foto op. Die identiteitsdokument sluit Suidwes ID, SA ID, paspoorte wat deur SA uitgereik is, enige buitelnd of enige organisasie van die Verenigde State in, maar sluit NIE repatriasievorms in nie aangesien daar geen foto op die vorms verskyn nie.

## 6. WAT DAN INDIEN EK NIE 'N IDENTITEITSDOKUMENT HET SOOS WAT IN PARAGRAAF 5 BEPAAL WORD ?

U kan dus 'n naasbestaande of 'n vriend vra om saam met jou te gaan. Onthou dat jou naasbestaande of vriend:

6.1 'n geregistreerde kieser moet wees, en

6.2. in besit wees van 'n identiteitsdokument met 'n foto op.

## 7. WAT SAL MY NAASBESTAANDE OF VRIEND BY DIE STEMDISTRIK DOEN SODAT EK SONDER 'N ID KAN STEM ?

U naasbestaande of vriend sal:

7.1 'n Identiteitsdokument aan die voorsittende beampte toon om dit te vergewis,en

7.2 Om 'n beâdigde verklaring voor die amptenaar in die vorm wat deur die hoofverkiesingsbeampte voorgeskryf is af te là, sodat jou identifikasie gestaaf kan word.

Die voorsittende beampte sal dan die beâdigde verklaring ondersoek deur om relevante vrae aangaande die besonderhede op die verklaring te plaas. Indien hy tevrede is, sal hy jou toelaat om te stem. UNTAG sal gedurende hierdie hele proses teenwoordig wees. Indien u in die verkiesingdistrik waar u geregistreer het stem, sal jou stembrief in daardie spesifieke distrik getel word.

## 8. NA MY AANKOMS MET MY REGISTRASIEKAART EN IDENTITEITSDOKUMENT BY DIE STEMKANTOOR, HOEVEEL STAPPE BLY DAAR NOG VOORDAT EK STEM?

Daar bly nog verskeie stappe oor soos:

8.1 Die oorhandiging van jou registrasiekaart aan die voorsittende of stembeampte ;

8.2 Om jou identiteitsdokument aan die voorsittende of stembeampte te toon.

8.3 Indien u geen identiteitsdokumente het nie, sal enige geregistreerde kieser (familielid of vriend) 'n beâdigde verklaring in die voorgeskrewe vorm aflà om jou identiteitsdokument verskaffing te bewys.

8.4 Die voorsittende beampte sal dan tevrede wees en aanvaar dat u die kieser is wie se naam op die registrasiekaart verskyn en dat laasgenoemde 'n kaart is wat amptelik onder die Registrasie Proklamasie aan u uitgereik is.

8.5 Die voorsittende beampte sal homself oortuig dat u nog nie gestem het nie.

8.6 Dat die nommer en relevante besonderhede van jou registrasiekaart verskyn :

8.6.1 Op die lys van verdenkings onder die registrasie proklamasie,

8.6.2 Op die lys van registrasiekaarte wat gekanseleer is,

8.6.3 Op die lys van registrasiekaarte wat uitgereik is aan kiesers wat meer as een keer geregistreer het.

8.7 Die voorsittende beampte sal vereis dat u jou vingers vir ondersoek wys om te kyk of hulle 'n identifikasiemerk het en of:

8.7.1 Geen identifikasiemerk ontdek is, of

8.7.2 Indien die registrasiekaart wat u getoon het jou handtekening het, sal jy gevra word om dit te onderteken en as dit 'n afdruk het van enige van jou vingers, sal u gevra word om die afdruk van die ooreenstemmende vinger of vingers op hom te plaas, indien die registrasiekaart enige merk het wat deur jou gemaak is, (bv. u weet nie hoe om te teken of het nie vingers nie), sal u gevra word om dieselfde merk op die registrasiekaart te plaas.

8.8 In ooreenkomstig met die instruksies van die voorsittende beampte, sal hy die identifikasiemerk op die vingers van jou linker of regterhand plaas (onthou moenie versuim om 'n identifikasiemerk te kry nie anders sal jy nie 'n stembrief gegee word nie).

8.9 Die voorsittende beampte, nadat bogenoemde stappe nagekom is, sal:

8.9.1 'n Stembriefie uit die stemboek skeur en dit 'n amptelike merk gee,

8.9.2 'n Stembrief met 'n amptelike merk aan jou oorhandig (maak seker dat die stembrief met 'n amptelike merk gemerk is),

8.9.3 U registrasiekaart met nommer van die stembrief wat gebruik is hou en dit in 'n veilige plek behou.

8.10 Nadat stembrief ontvang is, sal u die volgende doen:

8.10.1 jou stembrief na die stemafdeling (stemhokkie) neem, en

8.10.2 jou party aandui deur om 'n geheime kruis by die party van jou keuse teenoor die party se naam by die afkorting en onderskeidende simbool te trek, waarby jou kruis in hierdie geval by SWAPO getrek moet word (sien voorbeeld soos by gids aangeheg),

8.10.3 vou die stembrief (net die amptelike merk mag sigbaar wees) name, afkortings en onderskeidende simbole van die geregistreerde partye en jou geheime kruis MAG NIE gesien word nie,

8.10.4 vertoon die stembrief op so 'n wyse dat die voorsittende beampte die amptelike merk op die stembrief herken (hierdie sal verseker dat geen vervalste stembrief in die stembus beland nie),

8.10.5 laat val die stembrief in die stembus wat voor die voorsittende beampte geplaas sal wees (uiteindelik het u vir SWAPO gestem).

Indien u die bogenoemde prosedure volg, word jy onder daardie Namibiane getel wat hulle harde oorwinningsieg sal uitoefen, naamlik om die lot van hierdie land te bepaal.

## 9. EK IS ONGELETTER, WIE SAL MY HELP OM TE STEM?

Die beste persoon wat jou kan help voordat jy na die stemkantoor gaan is jou mede kameraad, naasbestaande of vriend. Maak seker u WEET hoe om 'n kruis by SWAPO se teken te maak VOORDAT jy by die stemkantoor kom. Indien jy dit nog nie kan bemeester nie, sal die prosedure by die stemkantoor soos volg wees:

9.1 Die voorsittende beampte sal jou in die teenwoordigheid van UNTAG verduidelik hoe om te stem en

9.2 Na hierdie kort les, sal u die stemafdeling alleen betree om te gaan stem (maak SEKER u maak jou kruis by SWAPO se simbool).

## 10. EK IS BLIND EN FISIES GEBREKLIK, WIE SAL MY HELP OM TE STEM ?

MOET JOU NIE BEKOMMER NIE, die verkiesing proklamasie gee u die reg om iemand van jou KEUSE en iemand wat jy vertrou, na die stemkantoor saam te neem.
Albei van julle sal TOEGELAAT word om die stemafdeling te BETREE, en die persoon van jou KEUSE sal alles vir jou doen.

## 11. WAT SAL GEBEUR INDIEN EK MY REGISTRASIEKAART VERLOOR HET OF INDIEN MY KAART VERNIETIG IS, SAL EK TOEGELAAT WORD OM TE STEM ?

Ja u sal toegelaat word om te stem. U sal deur die voorsittende beampte vereis word om 'n beëdigde verklaring wat deur die hoofverkiesingbeampte voorgeskryf is af te lê.
Nadat u die bogenoemde prosedure wat bespreek is nagekom het, sal u geregtig wees om by wyse van 'n tender-bus te stem.

Nadat u die bogenoemde prosedure wat bespreek is nagekom het, sal u geregtig wees om by wyse van 'n tender-bus te stem.

## 12. WAT GEBEUR NADAT EK MY REGISTRASIEKAART GEGEE HET, EN DIE VOORSITTENDE BEAMPTE: "HIERDIE KAART IS ONDUIDELIK", SAL EK TOEGELAAT WORD OM TE STEM ?

Ja u sal toegelaat word om te stem OP VOORWAARDE dat u die bespreekte prosedure in paragraaf 11 sal volg.

## 13. EK HET AL BAIE GEHOOR VAN TENDER STEMBUS, KAN U ASSEBLIEF VIR MY VERDUIDELIK WAT DIT ALLES BEHELS ?

n Tender stembus in kort gesà, beteken dat u sal stem sonder kennismaking met sekere wetlike vereistes en dat jou stem ALLEENLIK aanvaar sal word INDIEN hierdie wetlike vereistes nagekom is. U stembrief sal na Windhoek gestuur word om getel te word nadat die vereistes wat bekragtig is nagekom het.
'n Tender stembus ontstaan onder die volgende omstandighede:

13.1 indien 'n kieser in 'n ander distrik stem as die een waar hy aanvanklik geregistreer het,

13.2 indien 'n kieser op die lys van registrasiekaarte verskyn wat uitgereik is aan kiesers wat meer as een keer geregistreer het.

13.3 indien daar 'n beswaar teen 'n kieser deur 'n party gemaak is,

13.4 indien 'n kieser op die lys verskyn waar daar beswaar gemaak word teen uitstelling van sonde en dood onder die registrasie van kiesers (Kiesersvergadering) Proklamasie AG 19 van 1989, of

13.5 indien 'n kieser stem sonder 'n registrasiekaart maar waarby hy 'n beâdigde verklaring aflà in plaas van 'n registrasiekaart.

In al hierdie instansies, sal kiesers vereis word om hulle stembrief in spesiale stembusse te gooi wat bekend sal staan as "tender stembusse". Hierdie tender stembusse sal na Windhoek gestuur word vir bekragtiging voordat stembriewe aanvaar of verwerp word.

## 14. KAN EK VERVOER AAN KIESERS AANBIED WAT NA DIE STEMKANTOOR WIL GAAN ?

U is baie welkom om vervoer aan te bied aan hulle wat dit nodig sal kry. U moet ook gerus voel wanneer jy daardie kiesers sonder vervoer help omdat dit NIE 'n oortreding is om vervoer aan die behoeftiges aan te bied nie.

## 15. WAT VAN VERKIESINGOORTREDINGS, IS DAAR DINGE WAT EK MAG EN NIE MAG DOEN NIE ?

Baie beslis, hierdie is 'n ander belangrike aspek wat in die inleiding genoem moes gewees het. MOENIE dinge doen wat jou gedurende die stemperiode in die tronk sal laat beland nie. Die verkiesingswet maak voorsiening van 'n aantal oortreding met hoâ boetes f lang inhegtenisneming of albei, so PAS OP.

U word NIE toegelaat om die volgende tydens tydperk van die verkiesing te doen nie:

15.1 U moet NIE op enige wyse met die verkiesing proses inmeng nie.

15.2 U moet NIE op of naby enige stemkantoor 'n veldtog vir SWAPO loods nie.

15.3 U moet NIE probeer uitvind vir watter party 'n ander persoon sal gaan stem of gestem het nie.

15.4 U moet NIE inmeng wanneer 'n kieser besig is om sy kruis op 'n stembrief te trek nie.

15.5 U moet NIE 'n kieser vereis of maak dat hy/sy jou sy/haar stembrief wys sodat die party vir wie hy gestem het gesien kan word nie.

15.6 U moet NIE die verkiesing by enige stemkantoor steur of onderbreek nie.

15.7 U moet NIE die volgende binne 500 meter van 'n stemkantoor op enige dag van die verkiesing doen nie:

15.7.1 Enige plakkaat of struktuur ophang ,

15.7.2 Deelname bring aan demonstrasies of optogte, of

15.7.3 'n Luidspreker gebruik (behalwe vir 'n offisiâle doel) op enige dag van die verkiesing.15.8 U moet NIE geweld, dreigemente, bedrog of omkopery gebruik nie, (bv. die beskikbaarstelling van geld, geskenke, lenings of beloftes om vir 'n kieser of enige persoon iets na die verkiesing te gee om hom oor te haal sodat hy vir 'n seker party moet stem of nie of om hom te dwing om te kies) ;

15.9. U moet NIE gratis voedsel, drankies, verversings, losies of enige van hierdie op 'n lae tarief (afslag) as die normale prys verskaf met die doel om iemand anders se stem te beinvloed nie.

15.10 U moet NIE 'n guns deur ander partye of individue met die doel om enige persoon se stem te beinvloed aanvaar nie.

15.11 U moet NIE voorgee dat u 'n ander persoon is sodat u in daardie persoon se naam moet stem nie;

15.12 U moet NIE iemand anders se registrasiekaart toon sodat u 'n stembrief moet kry om te stem nie;

15.13 U moet NIE onderneem om meer as een keer te stem nie;

15.14 U moet NIE 'n vals stembrief ontwerp nie;

15.15 U moet nie 'n amptelike stembrief vernietig nie;

15.16 U moet NIE iets anders behalwe 'n amptelike stembrief in die stembus gooi nie;

15.17 U moet NIE 'n stembrief uit die stemkantoor verwyder nie;

15.18 U moet nie inmenging toon met enige stembus, stemafdeling of enige ander verkiesing uitrusting; en

15.19 U moet NIE enige amptelike kennisgewing oor die verkiesing verwyder of beskadig nie.

Die bogenoemde oortredings beloop 'n minimum boete van R2, 000 of een jaar gevangenisstraf of albei tot 'n maksimum van R20, 000 of tien jaar gevangenisstraf of albei.

**Stem SWAPO vir:**
**vryheid**
**land**
**werk**
**beter behuising**
**gesondheid**
**opvoeding**
**vrede en welvaart.**

## DEEL 2

## VERGELYKING VAN VERKIESING PROKLAMASIE AG. 49 (VERKIESINGVERGADERING) EN DIE VORIGE SWAPO KOMMENTAAR OP DIE ONTWERPTE VERKIESING PROKLAMASIE (VERKIESINGVERGADERING)

SWAPO van Namibia het die Verkiesing Proklamasie AG.49 van 1989 (Verkiesingvergadering) ontvang. Soos dit herroep kan word, het SWAPO 'n omvangryke voorlegging van die Verkiesing Proklamasie (Verkiesingvergadering) gemaak (sien SWAPO se Terugvoering van die Ontwerpte Verkiesingvergadering) wat na die ontwerpte proklamasie van Julie op die 21ste Julie 1989 gepubliseer is.

Wat hieronder volg is 'n kort beraming van wat in ons terugvoering voorgestel was en wat tans in die huidige Verkiesing Proklamasie staan.

'n Aantal belangrike punte is in die ontwerpte voorlegging van Julie voorgestel. Van die belangrike punte sluit die volgende in:

### 1. ABSOLUTE GEHEIMHOUDING VAN 'N STEM.

Soos dit herroep kan word, stel die Ontwerpte Verkiesing Proklamasie 'n vreemde roman vir die bepaling van 'n stembrief koevert waarop al die besonderhede van 'n geregistreerde kieser moet gaan. Gelukkig is dit van help in uitgesonderde omstandighede bv. tenderstem, hierdie metode is daarmee weg gedoen. Ook in situasies waar tenderstemme benut sal word, sal tenderstemme in twee koeverte geskied, maar geeneen van die koeverte sal gemerk word nie.

### 2. OBJEKTIEWE STANDAARDE WAT TOEGEPAS SAL WORD OM DIE GETAL STEMKANTORE WAT NODIG IS TE BEPAAL EN WAAR HULLE MOET WEES

Hierdie was een van ons mees belangrike voorstel. Hierdie voorstel was gebaseer op ons ondervinding vernaamste in die Noordelike gebied van ons land gedurende die verkiesingperiode. Baie min permanente registrasiebeamptes was in die Noordelike gebied van die land gestasioneer sonder die gedagte dat meer as 'n half van ons bevolking daar woon.

Ongelukkig gee die die Verkiesing Proklamasie steeds oordeel onder wetsartikel 12 aan die Hoofverkiesingbeampte, Kontroleerder of Verkiesingbeampte. Dit is in die pers berig dat daar slegs 357 stemkantore (insluitend beweeglike stemkantore) landswyd sal wees. Een duidelike aspek van die Verkiesing Proklamasie is dat daar geen posisie van stemkantore moet wees nie,in:

(a) polisie kantore,

(b) militàre basis,

(c) bewonings van enige tradisionele leier of hoofman,

(d) kantore van enige politieke organisasie of geregistreerde party, of

(e) in enige plek waar dronkmakende drank verkoop word.

## 3. VOLDOENDE KENNISGEWINGS WAT GEGEE SAL WORD VIR DIE LIGGING VAN STEMKANTORE EN DIE DATUMS EN URE WANNEER HULLE OOP SAL WEES VIR DIE KIESERS OM TE STEM

Inligting oor die ligging van stemkantore is nog nie beskikbaar nie. Die wet vereis enige Verkiesingbeampte om 'n kennisgewingbord van sy distrik buite die magistraat se kantore te plaas waar stemkantore opgerig sal word. Saam kan die Hoofverkiesingbeampte verder nog kennis van stemkantore op so 'n wyse gee wat hy dink dit sal pas.

Die onbevredigende aspek van die Verkiesing Proklamasie is dat dit te veel oordeelkundigheid aan verkiesing beamptes gee. Hierdie kan lei tot diskriminasie, vernaamste in gebiede waar SWAPO baie ondersteuners het. Soos dit met registrasie gebeur, mag 'n aantal stemkantore in hierdie gebiede gestasioneer wees. Sover dit datums en ure van stemming betref, word datums van die verkiesing verskaf onder die Verkiesing vir 'n Verkiesingvergadering: Bepaling van stemdae AG.50. Die dae strek vanaf 7 tot 11 November 1989. Volgens die Verkiesing Proklamasie, sal die stemming om 7h00 begin en om 19h00 van enige dag van verkiesing sluit. Die voorsittende beampte het nogtans die mag om enige kieser binne die stemstalletjie of stemkantoor toe te laat om te stem nadat die amptelike tyd verby is.

## 4. REG VAN TOEGANG SONDER DISKRIMINASIE AAN VERTEENWOORDIGERS VAN GEMAGTIGDE PARTYE GEWAARBORG OM WERKERS WAT OP PLASE, DORPE VAN MAATSKAPPYE OF ENIGE PRIVATE EIENDOM WOON, TE MOBILISEER TERWYL NIE-INWONERS ALLEDAAGS BELET SAL WORD

Ons is jammer om te verwittig dat die Verkiesing Proklamasie totaal al hierdie voorstelle saam geignoreer het.

## 5. REG VIR AGENTE VAN PARTYE WAT GEREGTIG IS OM TE PROTESTEER TEEN ONGEKWALIFISEERDE KIESERS, BEKRAGTIGING VAN INLIGTING OOR STEMMING, BYVOEGING VAN STEMPEL OP ENIGE IETS WAT 'N STEMPEL SAL VEREIS, BESWAAR MAAK TEEN ENIGE ADMINISTRATIEWE OORDEELKUNDIGHEID EN OM TEENWOORDIG TE WEES TERWYL STEMME GETEL WORD SODAT HY DIT KAN BEKRAGTIG

Die reg vir agente van partye om te protesteer teen ongekwalifiseerde kiesers is in die Verkiesing Proklamasie. Hulle sal ook geregtig wees om inligting oor die stemming te bekragtig. Hierdie sal gedoen word deur wat die Proklamasie as "Telling Agente" bepaal. Agente van partye sal ook geregtig wees om stempels by stembusse by te voeg en by ander pakkies wat verkiesing materiaal sal bevat. Telling Agente van partye sal deurentyd teenwoordig wees wanneer stemme getel word en sal ook in 'n posisie wees om die telling te bekragtig.

Die Verkiesing Proklamasie bied twee instansies aan waarby telling agente kan argumenteer, hulle is:

(i) wanneer hulle ontdek dat registrasiekaarte wat deur kiesers getoon is in werklik nie registrasiekaarte is wat amptelik in terme van die Registrasie van Kiesers van Proklamasie AG.19 van 1989 (Verkiesingvergadering) uitgereik is, of:

(ii) wanneer hulle ontdek dat enige kieser nie die persoon is wie se naam op die registrasiekaart verskyn nie.

## 6. VRYHEID VAN KEUSE AAN ONGELETTERDES EN DAARDIE PERSONE WAT ONBEVOEGD IS WEENS BLINDHEID OF ENIGE ANDER FISIESE KWAAL EN WAT MENSE KIES OM HULLE TE HELP

6.1 **Ongeletterdes** – wanneer ongeletterdes by die stemkantoor kom, sal die voorsittende beampte vir hulle in die teenwoordigheid van UNTAG verduidelik hoe om te stem. Na hierdie kort les, sal hulle ALLEEN 'n stemstalletjie binnegaan en stem deur om 'n kruis by die party van hulle keuse te trek.

6.2 **Die blindes en gebrekigges** – Hulle is geregtig om persone van hulle keuse na die stemkantoor saam te bring sodat hulle gehelp kan word. Hulle sal SAAM die stemstalletjie vir hierdie doel betree.

## 7. AANNEMING VAN DIE ROL VAN NASIONALE KIESERS, BEKRAGTIGING VAN KIESERS SE IDENTITEIT BY STEMKANTORE VOORDAT DAAR GESTEM WORD, KIESERS WAT BY PLEKKE STEM WAAR HULLE GEREGISTREER HET EN DIE TELLING VAN STEMME IN DIE VERKIESINGDISTRIKTE

Ongelukkig, verwys die Verkiesing Proklamasie steeds na die "registrasie van kiesers" soos die duplikaat van registrasiekaarte daarna in afdeling 15 (2) van die Registrasie van Kiesers van Proklamasie AG.19 van 1989 (Verkiesingvergadering) verwys. Daarom, die huidige lys van kiesers help alleenlik as 'n verwysing maar nie as 'n rol van kiesers nie.

Die meeste kiesers sal by stemkantore bekragtig word voordat hulle stem. Hierdie is kiesers wie se stembrief in die verkiesingdistrik getel sal word. Vir daardie kiesers wie se stemme as tenderstemme bepaal sal word, sal daar VERDER bekragtiging in Windhoek wees waar die duplikate van hulle registrasiekaarte gehou word en waar die telling van die tenderstembriewe van die tenderstembusse sal geskied. Meeste van die stemme sal in die verkiesingdistrikte getel word MITS die meeste geregistreerde kiesers versoek word om in die distrikte te stem waar hulle geregistreer het.

## 8. POLISIE NIE BY STEMKANTORE TOEGELAAT

Hierdie voorstel is nie aanvaar nie, nogtans sal polisie van UNTAG ook by stemkantore teenwoordig wees.

## 9. VERKIESING UITRUSTING WAT VAN 'N ANDER PLEK BEHALWE UIT SUID-AFRIKA SAL KOM

Alhoewel hierdie nog nie spesifiek in die Verkiesing Proklamasie genoem word nie, is dit in die pers berig dat stembriewe in die Verenigde State gedruk is. Sekere stembusse is deur Kanada bygedra. Die bron van die ander is nog nie vir die publiek geopenbaar nie.

## 10. GEEN GEBRUIK VAN BEWEEGLIKE STEMKANTORE

Ongelukkig, is hierdie voorstel van die hand gewys. Daar is 'n voorsiening in die Verkiesing Proklamasie wat voorsiening maak vir beweeglike stemkantore.

## 11. DISKWALIFIKASIE VAN SEKERE PERSONE VAN DIE AANSTELLING AS VERKIESINGBEAMPTE

Ons voorstel is aanvaar. Onder afdeling 6 (6) van die Verkiesing Proklamasie, is mense van die volgende kategorie gediskwalifiseer:

11.1 persone in diens van politieke organisasies of geregistreerde partye ongeag of daardie persoon betaal word of nie,

11.2 persone wat hulle openlik met enige party geidentifiseer het,

11.3 diensdoenende lede van enige militàre mag of politieke mag,

11.4 gewese lede van enige militàre mag of polisie mag en,

11.5 gewese lede van militàre eenhede wat volgens vereistes van Resolusie 435 gedemobiliseer is.

## 12. VEREISTES VAN VYF-DUISEND HANDTEKENINGE VAN GEREGISTREERDE KIESERS DEUR GEREGISTREERDE PARTYE OM TE REGISTREER AS 'N POLITIEKE PARTY

Ongelukkig is hierdie voorstel van ons nie aanvaar nie. Die wet het die oorspronklike voorstel van twee-duisend handtekeninge en adresse van geregistreerde kiesers behou.

## 13. DUIDELIKE STEMBUSSE VIR AL DIE PERSONE BINNE IN DIE STEMKANTOOR

Al die stembusse sal "in 'n posisie geplaas word waar dit te alle tye duidelik sal wees gedurende stem ure."

Alhoewel al ons voorstelle nie aanvaar is nie, is feitlik 'n aantal voorstelle aanvaar. In teenstelling, hierdie is 'n aansienlike verbetering in vergelyking met die voorstelle wat in verhouding met die Ontwerpte Registrasie van Kiesers van Proklamasie AG.19 van 1989 (Verkiesingvergadeing) uiteindelik gemaak is.

As gevolg van die druk van tyd, was dit nie moontlik om elk van ons voorstel met voorstelle van die huidige Verkiesing Proklamasie te vergelyk nie. Verder is sommige van ons voorstelle, vernaamste daardie met betrekking tot die registrasie van partye en verkiesingsimbole alreeds in werking geplaas. Dit is hoekom ons voel dat dit onnodig sal wees om op hierdie laat tydstip daaroor kommentaar te lewer.

| **Column 1/Kolom 1**<br>Name and official address<br>Naam en amptelike adres | **Column 2/Kolom 2**<br>Appointed as/<br>Aangestel as/ | **Column 3/Kolom 3**<br>District/<br>Distrik |
|---|---|---|
| G J ENGELBRECHT<br>Peri-Urban Development Board<br>Bethanie | ELECTORAL OFFICER | BETHANIE |
| MRS W STEENKAMP<br>Dept. of Justice<br>Gobabis | ELECTORAL OFFICER | GOBABIS |
| R M BRITZ<br>Dept. Agric. & Nature Conservation<br>Grootfontein | ELECTORAL OFFICER | GROOTFONTEIN |
| B BOUWER<br>Dept. of Governmental Affairs<br>Windhoek | ELECTORAL OFFICER | HEREROLAND |
| J C COETZEE<br>Admin for Whites<br>Karasburg | ELECTORAL OFFICER | KARASBURG |
| N HENDRICKS<br>Dept. of Justice<br>Windhoek | ELECTORAL OFFICER | KARIBIB |
| B BEYTELL<br>Dept. Agric. & Nature Conservation<br>Rundu | ELECTORAL OFFICER | KAVANGO |
| L VAN WYK<br>Admin. for Whites<br>Keetmanshoop | ELECTORAL OFFICER | KEETMANSHOOP |
| J A KLOSE<br>Peri-Urban Development Board<br>Luderitz | ELECTORAL OFFICER | LUDERITZ |
| L LUBBE<br>Admin for Whites<br>Maltahohe | ELECTORAL OFFICER | MALTAHOHE |
| B KRUGER<br>Dept. Agric. & Nature Conservation<br>Mariental | ELECTORAL OFFICER | MARIENTAL |

| **Column 1/Kolom 1**<br>Name and official address<br>Naam en amptelike adres | **Column 2/Kolom 2**<br>Appointed as/<br>Aangestel as/ | **Column 3/Kolom 3**<br>District/<br>Distrik |
|---|---|---|
| D SWANEPOEL<br>Admin. for Whites<br>Okahandja | ELECTORAL OFFICER | OKAHANDJA |
| K B KUBIRSKE<br>Admin. for Whites<br>Omaruru | ELECTORAL OFFICER | OMARURU |
| H W J GROBBLER<br>Dept. Agric & Nature Conservation<br>Caprivi | ELECTORAL OFFICER | CAPRIVI |
| H J THERON<br>Dept. Agric & Nature Conservation<br>Otjiwarongo | ELECTORAL OFFICER | OTJIWARONGO |
| L J DE JAGER<br>Dept. Post & Telecom.<br>Outjo | ELECTORAL OFFICER | OUTJO |
| H VAN RENSBURG<br>Dept. of Governmental Affairs<br>Windhoek | ELECTORAL OFFICER | OVAMBO |
| A JONKER<br>Dept. of Transport<br>Windhoek | ELECTORAL OFFICER | OVAMBO |
| DR G CLOETE<br>Dept. Agric & Nature Conservation<br>Swakopmund | ELECTORAL OFFICER | SWAKOPMUND |
| C J LE ROUX<br>Dept. Posts & Telecom.<br>Tsumeb | ELECTORAL OFFICER | TSUMEB |
| F J NEL<br>Admin. for Whites<br>Windhoek | ELECTORAL OFFICER | WINDHOEK |
| J MALAN<br>Admin. for Damaras<br>Khorixas | ELECTORAL OFFICER | DAMARALAND |

| | | | |
|---|---|---|---|
| AKSIE CHRISTELIK NASIONAAL | ACN | | |
| CHRISTIAN DEMOCRATIC ACTION FOR SOCIAL JUSTICE | CDA | | |
| D.T.A. VAN NAMIBIË | DTA | | |
| FEDERAL CONVENTION OF NAMIBIA | FCN | | |
| NAMIBIA NATIONAL DEMOCRATIC PARTY | NNDP | | |
| NAMIBIA NATIONAL FRONT | NNF | | |
| NATIONAL PATRIOTIC FRONT OF NAMIBIA | NPF | | |
| SWAPO-DEMOCRATS | SWAPO-D | | |
| SWAPO OF NAMIBIA | SWAPO | | X |
| UNITED DEMOCRATIC FRONT OF NAMIBIA | UDF | | |

**Stem slegs vir een party**

Stem deur 'n X te maak in die vierkant teenoor die kenteken van die party vir wie u wil stem.

**Vote for one party only**

Record your vote by a X in the square opposite the symbol of the party for which you wish to vote.

# Vote SWAPO

## For Freedom
## For Land
## For Jobs
## For Better Housing
## For Health
## For Education
## For Peace
## For Prosperity